

## Tussentydse verslag

Verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate van die  
 Media24-groep vir die ses maande geëindig 30 September 2019

WELKOM  
 YIZANI

### KOMMENTAAR

Media24 het uitstekende resultate vir die oorsigtydperk behaal, aangehelp deur sterk groei in inkomste uit e-handel, hoér skoolhandboekbestellings en streg kostebestuur dwarsdeur die maatskappy. Dit het die impak van die traie ekonomiese en voortgesette strukturele uitdagings vir drukmedia versag. Ons groepportefeuille (in detail hieroor bespreek) het veral goed gevaaar en het sy handelsverlies vir die tydperk meer as gehalveer namate ons belegging in e-handel (aanhyn handel) en die stroombelning van ons digitalemediarwerksamehede begin vrugte afwerp het. Ons sit dus ons strategiese reis voort om 'n volhoubare toekoms vir Media24 in 'n toenemend digitale landskap te bou.

### FINANSIEËLE OORSIG

Media24 se bedrywigheid behels koerante, tydskrifte, boekuitgewery en verspreiding (die volwasse portefeuille), en digitale media, e-handel, e-handelsvervulling, aanhyn werving en aanhyn dienste (die groepportefeuille). Op 1 Oktober 2018 het ons aanlynmodebesighed, Spree, met 'n mede-aanlynhandelsmerk van Naspers, Superbalist, saamgesmelt en daardeur Suid-Afrika se grootste aanlynmodebestemming, Fashion United SA Proprietary Limited (FUSA), geskep. Media24 het 'n 51%-belang in FUSA, wat sake doen as Superbalist. FUSA se resultate is gekonsolideer in die resultate vir die die huidige jaar.

Media24 se omset vir die tydperk het met 6% tot R2,4mjd gestyg, terwyl die handelsverlies met 84% tot R28m gedaal het. Die kern-wesensverdiens vir die oorsigtydperk het verbeter van 'n verlies van R11m tot 'n wins van R63m. Hierdie resultate is hoofsaaklik toe te skryf aan FUSA, tesame met die deelopnemende kostebestuur oor die besigheid heen en die feit dat afskrywings van die vorige jaar nie herhaal is.

Ondanks 'n jaar-tot-jaar-omsetdaling van 6% by die volwasse portefeuille, het sy handelswins met 3% gestyg tot R153m dankys voortgesette kostebestuur regoor die portefeuille. Die 19%-inkomstegroei uit hoér handboekbestellings het die afname in inkomste uit advertenties en sirkulasie (-12% en -7% onderskeidelik) deels teengewerp.

Handelsverliese in die groepportefeuille het met 58% gedaal tot R108m dankys die sluiting van die nuusmaevoegers, die rasionalisering van ons digitale werkzaamhede en die nie-herhalung van afskrywings. Die groepportefeuille se omset vir die tydperk het met 50% gestyg, soos Media24 begin voordeel trek uit die konsolidering van FUSA se resultate. Die groepportefeuille het 26% (2018: 19%) van totale omset bygedra.

Kontant aangewend in bedryfsaktiwiteit het jaar tot jaar van R266m tot R60m gedaal vanweë die kleiner handelsverlies vir die tydperk en laer belegging in bedryfskapitaal. Daarby het hoér inkomste uit beleggings en rente sowel as laer belasting wat betaal is vergeleke met die vorige jaar, bygedra tot die gesonde kontantsaldo van bykans R1mjd (2018: R1,1mjd).

Op 26 Augustus 2019 is gewone dividende van R42m verklaar aan aandeelhouers wat op hierdie dag geregistreer was.

### WERKSAMHEDE

Ons **drukmedia**-afdeling het sterk resultate aangeteken soos kostedoelreffendheid by ons koerante, tydskrifte en medialogistiek-afdeling die strukturele inkrimping van sirkulasie- en advertensiemaatkappye. Media24 publiseer vier toplenteblaarkoerante en ses van die toptintydskrifte in die land. Ons journalistiekoerante is bekroon met sewe Standard Bank Sikuvali-toekennings, waarvan drie – SA Story van die jaar, joernalis van die jaar en die kategorie vir ondersoekende joernalistiek – deur die City Press-joernaliste Sipho Masendo en Dewald van Rensburg gewen is vir hul onthulling en dekkking van die ineenstorting van VBS Mutual Bank. Beeld het die prestigeryke Frewin-toekenning gewen, en City Press het die Joe Mervis-trofee gedeel. Ons koerante en tydskrifte se advertensiieverkoopspanne het skoonskap gemaak by die advertensiemarket se MOST-toekennings. Die twee spanne is as media-eienaars van die jaar aangewys in hul onderskeidelike kategoriee en Ads24 as wenner in die bemarkingsdienstekategorie. Leefstyl was tweede en Ads24 derde in die algemene kategorie vir media-eienaars.

**24.com**, tuiste van ons digitalemediahandelsmerke, het horn verder ingegrave as die voorste nuusbestemming vir Suid-Afrikaners. Nadat uitstekende verkieingsdekking vir rekordverkeer op sowel News24 as Netwerk24 gesorg het, het die totale aantal gemiddelde maandelikse unieke gebruikers vir die tydperk met 18% tot 18,2m en die totale aantal gemiddelde maandelikse bladslede met 17% tot 506m gegroei. Byna 90% hiervan was via mobiele toestelle en apps. Netwerk24, wat toegang gee tot sowel brekende nuus in Afrikaans as ons Afrikaanse koerant- en tydskrifkinhouer, het intekenaars met 29% jaar tot jaar verhoog tot 53 377 en sy posisie as die grootste betaalmuurnuuswerf in Suid-Afrika verskaan. Die News24-verslaggewers wat bygedra het tot die veelbekroonde #Guptaleaks-onthullings van staatskaping was medeweners van die Global Investigative Journalism Network se Global Shining Light-toekenning, wat beskou word as die wereld se mees gesaghebbende prys vir ondersoekende joernalistiek. Die nuus- en kommersiële span het ook twee WAN-IFRA African Digital Media-toekennings losgestaan, en was tweede in nog vier kategoriee.

Via Afrika en Colleghet het voordeel getrek uit pulk skoolhandboekbestellings in Botswana en stellige bestellings in Suid-Afrika. Die nuwe uitbetalingsbeleid van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFA) het egter steeds die verkoop van akademiese handboeke geknou. Die futlose ekonomiese plas handelsuitgewers onder druk, maar NB-Uitgewers het sy posisie as markleier behou en talle literêre prysre verower, waaronder die vereniging van Amerikaanse uitgewers se Freedom to Publish – Jari Laber-toekenning vir Jacques Pauw se The President's Keepers. Jonathan Ball Publishers het as die markleier in sy segment na vore getree met 'n sterk aanbod van topverkopers soos Pieter du Toit se The Stellenbosch Mafia, waarvan meer as 20 000 eksemplare verkoop is en wat langer as 12 weke die topverkoper was.

Die Afrikaanse leefstyl-en-vermaak-televisiokaanaal VIA bly die gewildste leefstykankaal onder alle DSTV-spitsstydkykers en het in September daagliks 290 000 kykers gelok. Advertensië-inkomste het meer as verdubbel vergeleke met die vorige jaar.

Ons belegging in FUSA lever uitstekende omsetresultate. As die grootste e-kleinhandelaar in die land is FUSA goed gepositioneer om die aansienlike groei in e-handel in Suid-Afrika te ontgin. Kontraklogistiek, wat die volle dienste vir die verspreiding van aanhyn verkoope lewer, baat ook by hierdie tendens en het sy volumes uit e-handelsvervulling met 30% jaar tot jaar verhoog ondanks die verlies van die Spree-rekening weens die samegesmelting met Superbalist. Careers24, ons aanhynverwingsportaal, kry die wind van voor weens die stram ekonomiese en daling in nuwe aanstellings, veral by klein tot mediumgrootte ondernemings. Dit is egter teengewerp deur sterk hervuwingen deur bestaande kliënte.

Namens die direksie

Rachel Jafta

Vorsitter

Kaapstad

22 November 2019

Ishmet Davidson

Uitvoerende hoof

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIEËLE STATE

#### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

Aantekening	Ses maande geëindig 30 September			Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	2019 Geouditeer R'm	
Inkomste uit kontrakte met kliënte	10	2 351 (1 700)	2 211 (1 668)	4 714 (3 518)
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop				
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		(706) 2	(727) 20	(1 572) 9
Ander netto winste				
<b>Bedryfsverlies</b>				
Rente ontvang		(53) 40	(164) 36	(367) 79
Rente betaal		(4) 1	(2) 1	(5) 2
Ander netto finansieringskoste				
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate (geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings)		9 –	8 (10)	18 (16)
Waardeling van ekwiteitsverantwoorde belegging		1 1	3 3	4 4
Wins met verkygings en verkope				
<b>Verlies voor belasting</b>				
Belasting		(6) (29)	(128) (10)	(285) (21)
<b>Verlies vir die tydperk</b>		(35)	(138)	(306)
<b>Toeskrybaar aan:</b>				
Aandeelhouers van die groep		1 (36)	(142) 4	(255) (51)
Nie-beherende belang				
		(35)	(138)	(306)

#### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

Aantekening	Ses maande geëindig 30 September			Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	2019 Geouditeer R'm	
<b>Verlies vir die tydperk</b>		(35) (84)	(138) (25)	(306) (5)
<b>Totale ander omvattende verlies, ná belasting, vir die tydperk</b>				
Aktuariele hermetingsreserwe		–	–	24
Bilikewaarde-reserwe		(84) –	(26) 1	(22) (7)
Beweging in ander reserves				
<b>Totale omvattende verlies vir die tydperk</b>		(119)	(163)	(311)

#### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIEËLE POSISIE

Aantekening	Ses maande geëindig 30 September			Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	2019 Geouditeer R'm	
<b>BATES</b>				
<b>Nie-bedryfsbates</b>				
Eiendom, aanleg en toerusting		968	881	1 089
Klandisiëwaarde		365 235 166 –	346 141 73 6	344 258 171 2
Ontasbare bates		17 80 5 8 1	29 125 304 252 34	22 85 3 6 35
Beleggings in geassosieerde maatskappye		17 174 11	29 252 34	22 257 35
Beleggings in gesamentlike ondernemings		17 174 11	29 252 34	22 257 35
Lenings en bedrae ontvangbaar		17 828 166	29 944 183	22 989 210
Uitgestelde belasting		2 171	2 331	2 236
<b>Bedryfsbates</b>				
Voorraad		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Handelsdebiteure		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Ander debiteure		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Kontrakbates		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Bedrae ontvangbaar van verwante partye		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Afgeleide finansiële instrumente		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Lenings en bedrae ontvangbaar		486 597 80 5 8 1	215 554 125 6 304 944	447 495 85 3 6 989
Kontant en kontantekwivalente		3 139	3 212	3 325
<b>EKWITEIT</b>				

- Bruukhuurkontrakte waarvan die huurtermyn binne 12 maande (korttermynkontrakte) vanaf 1 April 2019 eindig, is ingevolge IAS 17 tot die einde van hul huurtermyn verantwoord (dws betalings ingevolge hierdie huurkontrakte word steeds op 'n reguitlyn-grondslag as 'n uitgawe erken).
- Die drabedrae van huurbates en huurverpligtige wat verband hou met huurkontrakte wat ingevolge IAS 17 as finansiële huurkontrakte geklassifiseer is, is vir die doeleinde van IFRS 16 hanteer as die drabedrae van die reg-van-gebruik-bates en huurverpligtige betaalbaar onmiddellik voor die oorgangsdatum (dws soos op 31 Maart 2019).
- Die groep het nawete toegepas om die huurkontrakvooraardes te bepaal vir kontrakte wat verlenging- en beëindigingsopsies bevat.

Met die oorgang na IFRS 16 het die groep reg-van-gebruik-bates van R60m en huurkontrakverpligtinge van R64m erken. Die verskil het hoofsaaklik verband gebou met vooraf bestaande voorstelings vir beswarende huurkontrakte en vooraf betaalde of opgelope huurkontraktbelittings wat aangesuiwer is tot die drawaarde van die toepaslike onderliggende reg-van-gebruik-bates. Buite huurkontrakte vir bates met 'n lae waarde en korttermynhuurkontrakte, is huurkontrakverpligtige betaalbaar en reg-van-gebruik-bates gemeet deur huurkontrakbelatings (insluitend dié wat voortspruit uit verlengingsopsies waarvan toepassing) te diskontereer met gebruik van die ooreenstemmende huurkontrak se inkrementele leenkoers soos op 1 April 2019. Die geweegde gemiddelde van die huurder se inkrementele leenkoers wat toegepas is op die huurkontrakverpligtinge was 9.8%.

Die groep verantwoord reg-van-gebruik-bates onder "Eiendom, aanlegte en toerusting" en huurverpligtige betaalbaar onder "Langtermynverpligtings" in die staat van finansiële posisie. Rente op huurkontrakverpligtinge word ingesluit in "Rente betaal" in die inkomstestaat en ook in die "Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite" in die staat van kontantvloei.

Die groep se huurreëlingshou meestal verband met geboue en motorvoertuie. Huurkontrakte word normaalweg gesluit vir vaste tydperke van tussen twee en 10 jaar, afhangend van die aard van die onderliggende bate wat gehuur word. Huurooreenkoms kan verlenging- en/of beëindigingsopsies bevat wat deur die groep uitgeoefen kan word. Met die bepaling van die huurtermyn vir kontrakte wat verlenging- en/of beëindigingsopsies insluit,oorweeg die groep al die feite en omstandighede wat as 'n finansiële aansporing kan dien om 'n verlenging en/of beëindigingsopsie uit te oefen of nie. Die huurkontrakte bevat nie enige spesifieke finansiële ooreenkoms ('covenant') nie, maar huurbates mag nie as sekuriteit vir lenings gebruik word nie.

In die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 het die groep die bruukhuurverpligtige volgens IAS 17 op 'n ongediskonterde grondslag weergegee. Die impak van die oorgang na IFRS 16 maak voorsiening vir 'n versoening van die huurkontrakverpligtinge soos op 31 Maart 2019, wat verantwoord word in gevolge IAS 17, met die huurkontrakverpligtinge soos op 1 April 2019, wat verantwoord word op 'n gediskonterde grondslag met gebruik van die geweegde gemiddelde leenkoers. Besonderhede oor die impak van die oorgang na IFRS 16 op die finansiële state word hieronder verskaf:

#### Erkende huurkontrakverpligtinge

	1 April 2019 Hersaamgestel R'm
<b>Bruukhuurverpligtige ingevolge IAS 17</b>	
Bruukhuurverpligtig op 31 Maart soos geopenbaar <sup>(i)</sup>	146
Gediskonter met gebruik van die inkrementele leenkoers soos op 1 April 2019	104
<b>Erkenningssuitsonderings</b>	
Korttermynhuurkontrakte	(40)
<b>Huurkontrakverpligtige erken op 1 April 2019</b>	64
Min: Lopende gedeelte van huurkontrakverpligtinge	(36)
Nie-lopende gedeelte van huurkontrakverpligtinge	28

<sup>(i)</sup> Die groep het hierdie huurkontrakverpligtinge op 'n ongediskonterde grondslag geopenbaar in die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019.

	<b>Ses maande geëindig 30 September</b>		Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	
<b>Eindsaldo</b>	302	182	299

	<b>Ses maande geëindig 30 September</b>		Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	
<b>Opgeloop waardedaling</b>			
Beginsaldo	41	41	41
Waardedaling	26	-	-
<b>Eindsaldo</b>	67	41	41
<b>Netto boekwaarde</b>	235	141	258

Die groep het 'n waardedalingsverlies van R26m erken omdat die verhaalbare bedrag van sy reisbesigheid minder was as die drawaarde. Die waardedalings-debit is in die inkomstestaat ingesluit onder "Ander netto winste".

	<b>Ses maande geëindig 30 September</b>		Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	
<b>Eindsaldo</b>	597	554	495

	<b>Ses maande geëindig 30 September</b>		Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	
<b>Voorraad</b>			
<b>Drawaarde</b>			
Voltoide produk, handelsvoorraad en verbruiksgoedere	549	318	511
Onvoltoide werk	21	23	15
Bruto voorraad	570	341	526
Min: Voorstelling vir stadiig bewegende en verouerde voorraad	(84)	(126)	(79)
<b>Netto voorraad</b>	486	215	447

	<b>Ses maande geëindig 30 September</b>		Jaar geëindig 31 Maart
	2019 Nagegaan R'm	2018 Nagegaan R'm	
<b>Inkomste uit kontrakte met kliënte</b>			
<b>Inkomste</b>			
Intekenar-inkomste	102	99	198
Sirkulasie-inkomste	414	444	901
Advertensie-inkomste	842	913	1 788
Verspreidings-inkomste	191	194	395
Inkomste uit boekuitgewery en -verkope	256	214	508
Inkomste uit e-handel	395	164	556
Inkomste uit kontraktuitgewery	57	78	160
Ander inkomste	94	105	208
	<b>2 351</b>	2 211	4 714

Die groep het die volgende bates en verpligtige wat verband hou met inkomste uit kontrakte met kliënte in die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken:

Kontrabates	5	6	3
Kontrakverpligtige	184	156	143

#### 11. Billike waarde van finansiële instrumente

30 September 2019	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 3 R'm	Totaal R'm
<b>Bates</b>				
Valutakontrakte	-	1	-	1
Teen billike waarde deur ander omvattende inkomstebekleggings*	171	-	-	171
<b>Totaal</b>	171	1	-	172

#### 12. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede

	31 Maart 2019	Vlak 1 R'm	Vlak 2 R'm	Vlak 3 R'm	Totaal R'm
<b>Bates</b>					
Valutakontrakte	-	1	-	-	1
Teen billike waarde deur ander omvattende inkomstebekleggings*	255	-	-	-	



## ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE OORSIGVERSLAG OP TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

### Aan die Aandeelhouers van Media24 Beherend Eiendoms Beperk

Ons het die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk in die meegaande tussentydse verslag, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 September 2019, en die verwante verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en die staat van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die ses-maande periode wat op daardie datum geëindig het, en geselekteerde verduidelikende aantekeninge, nagesien.

### Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Tussentydse Finansiële State

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en voorstelling van hierdie tussentydse finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard (IAS) 34 *Interim Financial Reporting*', en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van tussentydse finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

### Ouditeur se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie tussentydse finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standard on Review Engagements (ISRE) 2410, *Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity*' uitgevoer. ISRE 2410 vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die tussentydse finansiële state nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van tussentydse finansiële state ooreenkomstig ISRE 2410 is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Ons voer procedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese procedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die procedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n audit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n auditmening oor hierdie tussentydse finansiële state uit nie.

### Gevolgtrekking

Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die meegaande verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die ses-maande periode wat op 30 September 2019 geëindig het nie, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 *Interim Financial Reporting*', die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

### Ander Aangeleentheid

Ons het nie die toekomstige finansiële prestasie en verwagtinge, wat deur die direkteure ingesluit is in die kommentaar in die meegaande tussentydse finansiële state, nagegaan nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n gevolgtrekking daaroor uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

Direkteur: Viresh Harri

Geregistreerde ouditeur

Kaapstad

22 November 2019

**PricewaterhouseCoopers Inc.,  
5 Silo Square, V&A Waterfront, Cape Town 8001, P O Box 2799, Cape Town 8000  
T: +27 (0) 21 529 2000, F: +27 (0) 21 814 2000, [www.pwc.co.za](http://www.pwc.co.za)**

Chief Executive Officer: L S Machaba

The Company's principal place of business is at 4 Lisbon Lane, Waterfall City, Jukkskei View, where a list of directors' names is available for inspection.  
Reg. no. 1998/012055/21, VAT reg.no. 4950174682